

# Grizksz

# Mitologie

Pandora se  
**BOKS**



Die verhaal van Pandora se Boks begin met die verhaal van Zeus, Prometheus en Epimetheus.



Prometheus en sy broer Epimetheus was Titans, maar het hul lojaliteit aan Zeus en die Olimpiërs beloof, aangesien Prometheus gebore is met 'n spesiale krag van profesie, hy gewet het dat Zeus die Titans sou verslaan.



Zeus het Prometheus en Epimetheus beloon vir hul lojaliteit en het hulle die werk gegee om die eerste wesens te skep wat op aarde woon.



Epimetheus het die diere gevorm en aan elkeen 'n spesiale vaardigheid en vorm van beskerming gegee.



Prometheus het sy tyd geneem om die mens te vorm en was dus met geen vorm van beskerming vir hulle gelaat nie, aangesien Epimetheus reeds alles weggegee het.



Prometheus het geweet dat die mens een of ander vorm van beskerming nodig het, en het Zeus gevra of hy vir die mens vuur kan gee. Zeus het geweier. Vuur was net vir die gode.



Prometheus get Zeus geïgnoreer, en in elk geval vir die mens vuur gegee.





Hier voor is Prometheus gestraf. Zeus het hom met kettings vas gebind aan 'n rots ver weg in die Kaukasus berge waar niemand hom sou kry nie.



Zeus het elke dag 'n arend gestuur om te smul aan Prometheus se lewer, wat elke dag terug gegroei het sodat Prometheus daaglik hierdie marteling sou moes verduur totdat Herakles, Prometheus gevind het, die arend dood gemaak het en Prometheus bevry het.



Hierdie marteling was nie genoeg van 'n straf vir Zeus nie, wat ook geglo het dat mense gestraf moet word omdat hulle die gawe van vuur van Prometheus aanvaar het.



Om die mens te straf, het Zeus 'n vrou met die naam Pandora geskep. Sy is gevorm om soos die pragtige godin Aphrodite te lyk. Sy het die gawes van wysheid, skoonheid, vriendelikheid, vrede, vrygewigheid en gesondheid van die gode ontvang.



Zeus het haar aarde toe gebring om Epimetheus se vrou te wees.  
Al het Epimetheus se broer, Prometheus hom gewaarsku teen  
Zeus se bedrieëry en vir hom gesê om nie geskenke van die gode  
te aanvaar nie, was Epimetheus te betower met haar skoonheid en  
wou in elk geval met haar trou.



As trou geskenk het Zeus vir Pandora 'n boks gegee (in antieke Griekeland is dit 'n kruik genoem) maar het haar gewaarsku om dit nooit oop te maak nie.

Pandora, wat geskep is om nuuskierig te wees, kon nie wegbly van die boks nie, en die drang om die boks oop te maak het haar oorval.



Aaklige dinge het uit die boks gevlieg, insluitend gierigheid, afguns, haat, pyn, siekte, honger, armoede, oorlog en dood. Al die ellendes van die lewe is in die wêreld uit gelaat.



Pandora het die deksel van die boks toegeklap. Die laaste ding wat in die boks oor gebly het, was hoop. Sedertdien kon mense aan hierdie hoop vashou om die boosheid wat Pandora uit gelaat het, te oorleef.





“Pandora se Boks” beteken nou enigiets wat beter is om onaangeraak te laat bly, uit vrees vir wat daaruit kan kom.





# THINK

DIGITAL ACADEMY

